


Ongelooftlike Daisy!




Nozizwe Herero • Siya Masuku • Leona Ingram

Ongelooflike Daisy!

Hierdie boek behoort aan:







Ongelooflike Daisy!

Written by Nozizwe Herero

Illustrated by Siya Masuku

Designed by Leona Ingram

with the help of the Book Dash participants in Johannesburg on 27 June 2015.

Translated by Bangula Lingo Centre cc

ISBN: 978-1-928318-56-9

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.

No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.


No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

Ongelooflike Daisy!



Nozizwe Herero • Siya Masuku • Leona Ingram


Eens op 'n tyd
op 'n klein plasie
naby 'n klein dorpie ...




het daar 'n klein kuikentjie
met die naam Daisy gewoon.



“Wanneer ek groot word, wil ek hoog vlieg,
hoog in die lug,” sê Daisy.




Maar al die ander kuikens
lag vir haar.



“Jy’s so eienaardig,” sê hulle.
“Ons gaan nie meer met jou speel nie.”

“Daisy, ons kan almal ons vlerke klap,
maar dit is baie moeilik vir hoenders
om te vlieg,” sê Mamma vir haar.





Daisy wou nie opgee nie.

Sy oefen elke dag op haar eie
en klap haar vlerke.

Klap, klap, klap ... klap sy haar
vlerke maar sy kon nie van
die grond af opstyg nie.



Terwyl sy oefen, verbeel sy
haar sy vlieg hoog in die lug
en kyk na die hoenders op
die grond.

Sy verbeel haar sy vlieg by
die mossies en by die
swaeltjies verby.

“Sjoe!” sou die voëls sê.
“’n Hoender wat kan vlieg!”




So ... klap, klap, klap ...
klap Daisy haar vlerke elke dag.


Sy kon van die grond af opstyg,
maar dan val sy weer elke keer neer.



“Ek sal nooit kan vlieg nie!” huil Daisy by Mamma. “Die ander kuikens is reg.”

“Daisy, jy is anders as die ander kuikens. Hulle wil nie vlieg nie maar jy wil! Jy kan dit regkry,” sê Mamma.





Die volgende dag klim Daisy na die bokant van die honderhok en klap, klap, klap ... klap sy haar vlerke.

Sy vlieg in die lug
en klap haar vlerke ...

en klap haar vlerke ...

en klap haar vlerke

en ...

BOEM!

Die ander hoenders lag dat hulle lê.
"Ha ha ha! Ons het jou gesê!
Hoenders kan nie vlieg nie!"



Maar die volgende dag klim Daisy
nog hoër, tot bo-op die rondawel.



Klap, klap, klap ...
klap Daisy haar vlerke.



Sy vlug in die lug in en klap haar vlerke ...
en klap haar vlerke ...
en klap haar vlerke en ...



Sy hou aan vlieg!

Die wind onder haar vlerke word
sterker en sy vlieg hoër en hoër!

Die mossies en die swaeltjies sê,
“Ongelooflik! ’n Vlieënde hoender!”



En die ander hoenders
wil net soos sy wees.

Hulle sê,
“O Daisy, jy’s ongelooflik!”

